

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

ds. PJ Kriel Dankdag vir reën in Levubu tydens landswye droogte 11.03.2018

Inhoud Hierdie preek wys dat God nie soos die afgode van mense 'n afgod van die verlede is nie. God is nie mense se mite van God en wat Hy as Skepper doen, is nie mense se legendes oor God nie. Hy is die Skepper wat alles laat gebeur soos Hy dit wil laat gebeur. Daarom maak God vir sy kerk paaie deur watermassas en woestyne om 'n toekoms saam met God in sy skepping te hê. Daarom is dit goddeloos om te glo dat wat in die wêreld gebeur, gebeur volgens die mag van mense en die mag van die natuur op so 'n wyse dat mense bevange is in hierdie magte. Dit is hoe afgode opgemaak word. Hulle moet aan alles wat volgens die mag van mense en die natuur gebeur, dieper betekenis gee. So word God die God van menslike ervarings en betekenisvolle lewens, maar kan Hy niks doen wat gebeur nie. God is nie 'n god van die verlede nie, nie mense se storie van en oor God nie. Hy skep deur sy skeppingskrag vir sy volk paaie deur menslike en natuurkragte heen sodat hulle met Hom 'n toekoms in sy skepping het.

Liturgie Lied 462 verse 1, 2, 3. Lied 588 verse 1 en 3.

Skriflesing Jesaja 43: 9 – 21; Johannes 14: 1- 6

Teks Jesaja 43: 19 “Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur. Julle kan dit al sien kom. Ek maak in die woestyn 'n pad. Ek laat in droë wêreld riviere ontspring.

Tema God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

1. God is nie mense se mite oor wie God was nie, en wat God doen is nie mense se legendes oor wat God gedoen het nie. Dit is die Here se vermaning in Jes. 43: 18 “Moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie.” Hierdie vroeëre dinge is alles wat die Here met die uittoeg uit Egipte vir Israel gedoen het om hulle uit die mag van Egipte te bevry. Israel het by die verlede stilgestaan wanneer dit oor god gegaan het.

Dit beteken nie dat Israel sommer net nostalgies geraak oor hulle goeie verlede met God nie. Hierdie “stilstaan” in die verlede beteken hulle het van God 'n afgod gemaak.

Afgode is altyd gode van die verlede. Afgode is mense se mites en legendes oor God. Stories! Afgode is gode wat mense met stories opmaak, om stories oor God in die verlede tyd te vertel.

2. Daarom stel die Here dat sy kerk 'n volk is wat blind is, al het hulle oë wat kan sien, dat hulle 'n volk is wat doof is, al het hulle ore wat kan hoor. Met hierdie stories oor 'n god van die verlede, hou Israel hulle self doof en blind vir wie God vir hulle elke dag is. Jes. 43: 8. Dit doen hulle terwyl die Here elke dag duidelik Homself

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

bekend maak en al kan hulle sien en hoor waarmee die Here elke dag besig is. Met hulle houding om nie vandag te kan sien en hoor wie god vir hulle is nie, maak hulle God die god van die verlede.

3. Israel het met hulle vertellings oor wat God vir hulle gedoen het met die uittoeg uit Egipte, van God 'n afgod van mites en legendes gemaak, nes al die ander nasies met stories oor gode vir hulle hul eie gode opgemaak het. Dit is teenoor hierdie selfopgemaakte beelde oor God, mites en legendes oor God, dat die Here die magsverklaring maak: “Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur,” 43:19.

God is nie mense se storie-god van die verlede nie. God laat elke dag gebeur wat geen mens kan bedink of bewerk nie. Daarom kondig die Here aan dat Hy gaan doen wat mense nie aan gedink het nie, wat mense nie beplan het nie, wat mense nie gewil het nie. Met hierdie magsdaad sal God wys dat hulle god wat hulle opmaak is eintlik niks anders as net hulle eie verklaring van die verlede asof God nie regtig God was nie.

4. God openbaar dat Hy met 'n magsdaad gaan doen wat geen mens beplan of bedink het nie. Met hierdie magsdaad stel die Here sy kerk voor die werklikheid dat Hy alleen God is, en alle sogenaamde gode is net menslik opgemaakte afgode.

Hy gaan sy kerk uit die mag van Babel, waar hulle as slawe in 'n vreemde land leef, terug vat na Palestina om weer daar saam met Hom as hul God te leef. Deur die woestyn wat tussen hulle en Palestina soos 'n ondeurdringbare muur lê, gaan die Here vir hulle 'n pad maak om terug te gaan deur die woestyn, met waterpunte langs die pad. Dit is presies die teenoorgestelde pad wat die Here vir hulle met die uittoeg uit Egipte gemaak het. Toe het God vir hulle 'n pad deur 'n see gemaak om uit die mag van Egipte te kom.

Op hierdie wyse openbaar die Here Hy maak paaie deur ondeurdringbare watermassas en onoorkombare woestynsand. Hy is die Skepper wat die skepping in die palm van sy hand hou en beweeg en bestuur om vir sy volk 'n toekom en woning saam met Hom te gee. God is nie die “ou god” van die verlede of die nuwe god van die toekoms nie: “Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie.” 43:10 Só wys die Here Hy is elke dag, vir ewig sy kerk se Here. Hy is nie die ou of nuwe godservaring van mense wat God as hulle mite of legende opmaak nie.

Hy is die Skepper wat watermassas, woestynsand en die goddelose nasies van die wêreld so rondskuif en beweeg dat sy kerk met Hom as Here 'n tuis en toekoms in sy skepping het.

5. God is Here en Skepper!

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

Hy is nie die geskepte beeld oor God van mens wat stories opmaak oor God nie. Hy wat as Here die regte watermassas van die aarde en die regte sand van die regte woestyne van die aard in sy handpalm hou en rondbeweeg, en net so alle nasies van die hele aarde in sy handpalm hou en rondbeweeg, is die Here wat elke dag so as Skepper met sy skepping besig is.

Daarom verklaar God in vers 11: “Ek, Ek is die Here.” hierdie is weer die selfopenbaring van God in Exodus 3:14 waar God vir Moses stel dat Hy as God geen noemnaam het nie. Mense kan nie God met 'n noemnaam aanspreek soos hulle mekaar of die skepping met name wat mense maak kan aanspreek nie. God is wat Hy is, nie soos mense hom benoem nie. Daarom moet Hy geken, geëer en gedien word vir wie Hy is as God.

Daarom is die direkte vertaling van die Hebreeus van vers 11: “Ek, Ek is wat Ek is.” God is elke dag wie Hy is soos Hy God en Skepper is. Hy hou as Skepper die watermassas, woestynsand en nasies in die palm van sy hand en beweeg hulle elke dag volgens sy wil soos en waarheen Hy hulle wil beweeg.

Dit is hoe God elke dag Skepper en Here in sy skepping is – Hy maak en beweeg alles die hele tyd as Here. Daarom is God nie die mite of legende in die verlede wat mense opmaak as hulle god nie. Dit is hierdie storiagod van die verlede wat hulle dan so nou en dan weer teenwoordig maak deur hom een of ander wonderwerk te laat doen. Hierdie storiagod van die verlede moet so nou en dan met 'n wonderwerk bewys dat hy darem nou daar is. God bewys nie met wonderwerke dat Hy nog God is nie. Hy is wat Hy is elke dag soos Hy Skepper en Here is en beweeg alles elke dag volgens sy wil en krag.

6. Omdat Hy is wat Hy is, maak die Here paaie waar mense nie paaie kan sien of kan maak nie. Wat vir mense ondeurdringbare en onoorkombare werklikhede in hierdie skepping is, maak God paaie deur vir sy kerk om deur heen te gaan en hulle toekoms en tuiste te vind wat God vir hulle skep.

Daarom kon God vir Israel toe hulle deur die mag van Egipte vasgekeer is teen 'n ondeurdringbare muur van water, 'n pad deur die water van die see maak waardeur hulle droogvoets kon trek, maar wat vir Egipte 'n watergraf geword het. Jesaja wys dit dramaties uit deur te stel dat die Egiptiese leër op vol sterkte met hulle volle militêre slaankrag deur die Here in 'n watergraf begrawe is waar hy vir sy kerk 'n pad deur die water gemaak het.

Daarom is god nie die mite of legende van die deurtog deur die see nie. Hy is die Here wat elke dag is wat Hy is. Daarom maak God nou weer 'n pad deur 'n onoorkombare woestyn op so wyse dat daar selfs waterpunte al langs hierdie woestynpad is waar hulle hul dors kan les op pad terug na Palestina toe. Dit doen

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

God terwyl Babilon moet wegvlug op die skepe waarmee hulle die wêreld oorheers het. God maak hul aanvalswapens hul vlugtuie.

So skep God 'n nuwe uittoeg uit Babilon deur die woestyn.

7. Die god van die uittoeg uit Egipte verlede was die afgod wat Israel van God gemaak het – hulle het van God die mite en legende van Israel gemaak.

Hierdie geestesverdraaiing in die mens se sondige hart is die gesindheid om van alles wat volgens die mag van mense en die mag van die natuur gebeur, 'n mooi storie oor God te maak.

Kan die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens hoor in hierdie verdraaiing?

'n Afgod is 'n selfopgemaakte beeld van God waarmee mense alles wat gebeur soos dit gebeur deur die mag en krag van mense en die natuur, 'n mooi, diep, ryk en geestelike ervaring oor God maak. God word in hierdie magshouding net die beeld waardeur mense betekenis gee aan dit wat gebeur volgens die krag van mense en die krag van die natuur.

God wat is wat Hy is en doen wat Hy doen omdat Hy is wat Hy is, laat dit wat in hierdie skepping gebeur, gebeur. God bewerk wat gebeur! Hy skep wat gebeur!

God is nie die vergeestelikheid en mooimaak van wat gebeur deur die krag en mag van mense en die natuur nie. God is die Skepper wat deur sy skeppingsmag bewerk wat in sy skepping gebeur.

8. Dit is die werklike probleem van die afgod van die verlede, mense se mite en legendes oor God! Dit is stories oor God wat niks anders is as stories oor God nie. Dit is die stories van 'n storiegod wat niks in hierdie wêreld regtig laat gebeur nie.

Met hierdie afgod word mense die gevangenes van al hulle stories oor hierdie god van die verlede. Want hierdie storiegod kan niks doen om sy kerk te red uit die werklike mag van hierdie wêreld, volgens hierdie bygeloof nie: die mag van mense, van nasies en die mag van die natuur.

Met hierdie afgod kan mense teen die mag van mense en die natuur vas teen hierdie magte asof dit ondeurdringbare en onoorkombare grense skep waarbinne die kerk van die Here bevange moet leef.

Ek wil vir u die bevangenheid van die Wes- Duitsers oor die Oos-Berlynse muur tydens die Koue Oorlog gee. Voor 1989 het alle Duitsers die muur van die kommuniste net as 'n onveranderbare werklikheid aanvaar. Hulle het hulle lewe ingerig met die muur as die werklikheid wat ondeurdringbaar en onoorkombaar sou

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

wees. Dit is hoe hulle hul lewe ingerig en geleef het – die muur is daar en die muur is daar om te bly. Niemand het aan 'n pad deur hierdie muur gedink nie. En toe een aand, sonder dat enige iemand dit in Wes-Duitsland kon bedink of voorsien het, is daar nie meer 'n muur nie. Die Here het die muur 'n pad gemaak en die magte wat hierdie muur opgerig en instandgehou het, het net in een nag verkrummel.

Net so wou die Israeliete die watermassa van die see sien en aanvaar as die inperking van die natuur binne die mag van Egipte. Net so wou hulle die mag van die woestyn aanvaar as die natuur se inperking binne die mag van Babel! Vasgepen en vasgevang binne die mag van die natuur en die mag van nasies!

Hierdie storie-god is die god wat mense hulle bevangenheid en inperking binne die mag van die nasies laat aanvaar en laat in berus as die enigste werklike magte in hierdie skepping.

En dan Kom die Here wat die Skepper is, en Hy maak 'n pad deur 'n see en 'n pad deur 'n woestyn met reën binne 'n woestyn! God wat God die Here en Skepper is, en nie mense se storie-god nie, nie mense se mooimaakgod van brute menslike en natuurkragte nie, Hy laat gebeur wat Hy volgens sy wil beskik en deur die krag wat Hy as Skepper het binne hierdie wêreld laat geskied wat gebeur.

9. Wie gaan ons wees?

Die volk wat oë het wat nie kan sien nie en ore het wat nie kan hoor nie, of gaan ons God sien en hoor vir wie Hy is en hoe Hy Homself aan ons openbaar?

Hy is die Here wat paaie maak deur ondeurdringbare watermassas en onoorbrugbare woestynsand deur die krag wat Hy as Skepper het om die natuur volgens sy wil te beskik. Hy is die Here wat paaie maak deur die ondeurdringbare en onoorkombare magte van mense!

Jesus Christus in die Here wat is wat Hy is. Dit kondig Hy self aan in Johannes 8 vers 58: “Jesus het hulle geantwoord: “Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.” Dit is ook hoe die Here Homself in Johannes 14: 6 openbaar: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Jesus is die Here wat paaie maak deur alles wat in hierdie skepping sy kerk van hul tuiste en toekoms met God skei. Net soos Jesus self die Here is wat vir sy volk 'n pad deur die watermassa gemaak het om hulle uit die mag van Egipte te bevry en vir hulle 'n pad deur die woestyn gemaak het om hulle uit die mag van Babel te bevry, so is Hy die Here wat hulle bevry van al hul sonde wat hul van hul toekoms en tuiste met God skei.

Ons kan die Here nie op 'n ander manier ken as die Here wat paaie maak deur alles wat sy kerk skei van hul diens, hul tuiste en hul toekoms saam met God nie. Ons kan

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

god nooit 'n storiegod maak terwyl ons ons self oorgee en laat bevange maak deur die magte van mense en die natuur nie.

10. Het dit lekker en goed in Levubu gereën of het God vir ons 'n pad gemaak deur een van die vernietigendste droogte in die geskiedenis van ons land?

God wys wat skep Hy vir Homself as Here deur vir sy kerk deur alle ondeurdringbare en onoorkombare magte 'n weg te skep vir sy kerk om met Hom as God tuis te wees en met Hom as god 'n toekoms in sy skepping te hê: "Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig." Jes. 43: 21

Die lof van die Here wat sy kerk verkondig is nie om 'n storiegod van die verlede lewendig te sing en te bid nie. Dit is die geloofserkenning dat God is wat Hy is en deur alle magte, wat vir mense lyk soos ondeurdringbare magte, 'n weg skep om met God tuis te wees in sy skepping. Dit is geloofserkenning dat Hy alle magte en kragte in sy hand het en volgens sy wil beweeg om ons diensbaar aan Hom te maak.

Wie die Here se erken en aanbid word deel van die lofsang van die skepping: "Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les." Jes. 43: 20

So ses weke gelede het ek van Punda Maria na Pafuri gery om 'n internasionale groep van boomkundiges te begelei na Levubu toe. Van Punda Maria tot by Pafuri was daar nie een groen grashalmpie nie, net soos daar rondom die Soutpansberg nie groenigheid was nie. Dit was net hier in Levubu wat die Here met klein opeenvolgende reënbuie alles groen gehou het tot die groot reëns wat die laaste twee weke geval het.

Hierdie week in die wildtuin het die veld gelewe. Voëls kwetter van een waterpoel na die ander waterpoel en die diere is spelerig en opgewonde. Hulle opgewondeheid is hulle lofsang dat die Here vir hulle 'n toekoms en lewensruimte gegee het deur die droogte heen.

11. Die lof wat ons aan God moet bring, is om te breek met hierdie storiegod van mense: die mite en legende van mense se magsdrif en magsdrome. Hierdie storiegod is die afgod waarmee ons ons die mag van die natuur en die mag van mense sien as die werklike kragte wat die lewe beweeg.

Dit is die goddeloosheid van 'n verklaring soos "dit het lekker gereën, soos ons weet dit moet reën, omdat ons weet hoe dit natuur werk, en nou kan ons weer met ons eiemagtigheid aangaan om ons self te bemagtig in en deur die natuurkragte".

God skep vir ons rigting en 'n toekoms in sy skepping

Dit is hierdie selfde goddeloosheid oor die krag en mag van die natuur, wat ons so bevange maak oor die mag van goddeloses: hulle gaan ons grond vat sonder vergoeding! En dan staan ons met ons geloof in die mag van die natuur en mense voor hierdie ondeurdringbare en onoorkombare muur – ons is vasgevang in die mag van die magtiges!

Eer en loof God as sy uitverkore volk en sien en hoor die Here wat paaie deur watermassas en woestyne maak! Sien en hoor die Here wat nasies beweeg soos water en sand om vir sy volk 'n toekoms en tuiste in sy skepping te gee!

Ons het hierdie reën elke dag soos wat dit geval het, self gesien en self gehoor, en ons weet dat God vir ons hier 'n pad deur 'n droogte geskep het, waaronder die grootste deel van ons land gebukkende gaan.

Wat het u gesien en gehoor?

God wat paaie skep, of het u blind en doof net gesien en gehoor ons kan weer aangaan, dit het lekker gereën. As dit al is wat u gesien en gehoor het, dan is dit ook die rede hoekom u vanoggend so bevange is oor die magsverklaring van 'n goddelose gemeenskap: ons gaan julle goed vat en niks daarvoor betaal nie! Dan sien u die mure van die magte wat jy glo!

Ons egter het gehoor en gesien wat God met hierdie reën geskep het: Hy is wat Hy is en Hy maak vir ons deur die kragte van die natuur en deur die kragte van mense 'n weg om tuis te wees in sy diens in sy skepping.

Kom ons word deel van die lofsang van die veld en die wild om ons! Kom ons eer en dank en loof God omdat Hy is wat Hy is! Hy beweeg water en sand en nasies met sy hand op so wyse dat Hy vir ons hier in sy skepping as sy uitverkore volk die toekoms en tuiste gee om met God te leef.